Sondag 27 Desember
Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:23

## Hou styf vas aan die hoop om tot God te nader

Solank 'n mens hoop het, hoop vir jou huwelik, hoop vir jou gesondheid, hoop vir die toekoms, gaan dit goed met jou. As jy, aan die ander kant, nie hoop het nie, bly daar niks vir jou oor nie.

Dit is verstaanbaar as so 'n persoon wil tou opgooi, as hy/sy lewensmoeg is, as hy/sy nie meer kans sien om voort te gaan nie. Jy het niks om na uit te sien nie, niks om voor te lewe nie, niks om aan vas te gryp nie. Jy sien nie lig nie.

Ons Here Jesus Christus het vir ons hoop gegee, nie 'n vae onsekerheid, 'n miskien, 'n mag-dit-tog-so-wees nie, maar iets wat vasstaan, waarop jy kan reken en waarmee jy die toekoms kan ingaan. Hy het vir ons die hoop van die evangelie gegee, die sondevergifnis, die oorwinning oor die dood, die ewige lewe. Hy het, volgens die perikoop wat ons vandag gelees het, ook die hoop van 'n geopende deur gegee, 'n kanaal na ons Vader in die hemel.

Jy kan ten spyte van jou onheiligheid en sonde voor Hom gaan staan en met Hom praat soos wat 'n kind met sy vader praat. Jy kan al jou hartseer en stryd en teleurstellings en sonde in gebed met Hom deel. Die pad is oop.

Wat méér is, daar staan: *"God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."* Met ander woorde, jou hoop sal nie beskaam nie. Laat ons daarom styf vashou aan die hoop wat ons bely.

*Sing: Psalm 119-1:10*
*Ds. CJH (Casper) Breed (Emeritus)*